higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

15 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Reserwes
1.1.2 aandeelhouers
1.1.3 dividend
1.1.4 betaalbaar
1.1.5 Voorraad
1.1.6 netto realiseerbare
1.1.7 stelsel
1.1.8 andersins
1.1.9 bestuur
1.1.10 beveilig

(10 × 1) (10)

1.2

	OPENBARE MAATSKAPPY	ALLEENEIENAAR
Voorsiening van kapitaal	Verkry deur uitreiking van aandele aan die publiek ✓	Eienaar voorsien eie kapitaal✓
Winsuitkering	Wins word uitgekeer deur dividende per aandeel te verklaar ✓	Die eienaar neem al die wins✓
Aanspreeklikheid	Aanspreeklikheid word beperk tot die eienaarsbelang in die maatskappy/is beperk ✓	Aanspreeklikheid is onbeperk✓
Ouditering van boeke	Ouditering van boeke is verpligtend✓	Ouditering van boeke is opsioneel✓
Naam van onderneming	Naam moet met ‘beperk’ of ‘Bpk’ eindig ✓	Daar is geen regsvereistes nie✓

(10)

1.3
- 14%
- 0%

(2)

1.4 Die regering (2)

1.5
- BTW-handelaars
- BTW-geregistreerde ondernemings (Enige 1 × 2) (2)

1.6
- Finansiële dienste
- Kinderversorgingsdienste wat deur crèches gelewer word
- Passasiersvervoer per pad of spoor (nie lug of see)
- Residensiële akkommodasie (nie vakansie)
- Onderwysdienste (primêre, sekondêre en tersiêre) (Enige 4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Kontantontvangstejoernaal**

Datum	Besonderhede	Ontleding van ontvangste	Bank	BTW	Verkope	Debiteuerekontrole	Korting toegelaat
1	Verkope	570	570✓	70✓	500✓		
3	Zwane	6 886	6 886✓	(14)✓✓		7 000✓	100✓

2.1.2 **Kontantbetalingsjoernaal**

Datum	Begunstigde	Bank	BTW	Handelsvoorraad	Krediteurekontrole	Korting ontvang
2	Makro	1 710✓	210✓	1 500✓		
4	Game	3 000✓	(28) ✓✓		3 228✓	200✓

2.1.3 **Algemene Joernaal**

Datum	Besonderhede	Debiet	Krediet
5	Onttrekkings	2 280✓	
	Skryfbehoeftes		2 000✓
	BTW-uitset		280✓

(20)

2.2 2.2.1

- Verstaanbaarheid✓ – Finansiële inligting moet verstaan word deur ’n gemiddelde gebruiker met ’n redelike kennis van sakebedrywighede en wat bereid is om die inligting noukeurig te bestudeer.✓
- Vergelykbaarheid✓ – Inligting is nuttig as dit vergelyk kan word met soortgelyke inligting oor ander entiteite of dieselfde entiteit vir ’n ander tydperk of datum.✓
- Verifieerbaarheid✓ – Verskillende onafhanklike kundige waarnemers kan konsensus bereik dat ’n bepaalde uitbeelding ’n getroue voorstelling is.✓
- Tydigheid✓ – Inligting moet betyds aan besluitnemers beskikbaar wees om besluite te kan beïnvloed ✓ (4 × 2) (8)

	Antwoord	Berekening	
2.2.2	3 535 400✓	2 491 500✓ + 210 000✓ + 833 900✓	(4)
2.2.3	2 285 800✓	3 535 400✓ – 1 232 000✓ – 17 600✓	(4)
2.2.4	3 535 400✓	2 491 500✓ + 210 000✓ + 833 900✓	(3)

2.2.5 Die naam van die onderneming, wat met Bpk eindig. (2)

2.2.6 Drie (3) (2)

2.2.7 Gemagtigde aandele (2)

2.2.8 Dit is deel van die langtermynlenings wat binne 12 maande vanaf die einde van die tydperk betaal sal word. (3)

2.2.9
- Algemene reserwes
- Behoue inkomste/verdienste/wins
- Reserwes vir verhoogde vervangingswaarde van masjinerie
- Herwaarderingsoorskot
- Kapitaaldelgingsreserwefonds (Enige 3 × 1) (3)

2.2.10
- Goedere wat vir verkoop in die gewone loop van sake gehou word.
- Dit kan grondstowwe, voltooide goedere, werk in proses (onvoltooide goedere) en verbruiksvoorraad voorhande insluit.

(Enige 3 × 1) (3)

2.2.11 Om die onderneming se finansiële posisie op 'n bepaalde datum (jaareinde) aan te bied). (2)

2.2.12 Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (2)

2.3 2.3.1 Inkomste
- Verkope
- Dienste gelewer
- Tantieme

Uitkeringskoste
- Salaris vir verkoopsverteenwoordigers
- Reklame

Finansieringskoste
- Rente op lening
- Rente op bankoortrekking

Administratiewe koste
- Telefoon
- Skryfbehoeftes
- Versekering (10)

2.3.2 Staat van omvattende inkomste (2)

2.3.3

Inkomste	xx✓
Koste van verkope	(xx)✓
Bruto wins	xx✓
Ander inkomste	
XX✓	
Uitkeringskoste	(xx)✓
Administrasiekoste	(xx)✓
Ander koste	(xx)✓
Finansieringskoste	
(xx)✓	
Wins voor belasting	
xx✓	
Belastinguitgawe	(xx)✓
Wins vir die tydperk	xx✓
Ander omvattende inkomste	
Herwaarderingsoorskot	xx✓
Totale omvattende inkomste	xx✓

(13)
[83]

VRAAG 3

Peter & John BK

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEëINDIG 28 FEBRUARY 2017

Verkope (855 855 × 100/114)/(855 855 –105 105)		750 750✓✓✓
Min: Koste van verkope		(308 250)✓✓
Bruto wins		442 500✓
Ander inkomste		11 214✓
Rente op lening aan John	3 714✓✓	
Dividend ontvang (9 000 – 1 500)	7 500✓✓	
Bruto inkomste		453 714✓
Min uitgawes		(227 790)✓
Herstelwerk en instandhouding	21 000✓	
Salarisse en lone (140 400 – 30 000)	110 400✓✓	
Administratiewe uitgawes	17 400✓	
Versekering	18 000✓	
Besoldiging – rekeningkundige beampte	19 050✓	
Slegte skuld	540✓	
Voorsiening van slegteskuld-aanpassing	300✓	
Depresiasie	24 000✓✓	
Rente op langtermynlening	13 500✓	
Rente op lening van Peter	3 600✓✓	
Netto wins voor belasting		225 924✓
Inkomstebelastinguitgawe		(108 300) ✓
Netto wins vir die tydperk/Totale omvattende inkomste		117 624✓✓

[30]

VRAAG 4

Mushin BK

4.1 **KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 29 FEBRUARIE 2016**

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant ontvang van kliënte	389 200✓		
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers	(212 620)✓		
Kontant uit bedrywighede gegenereer	176 580✓		
Rente ontvang	4 000✓		
Salaris aan lid	(96 000)✓		
Rente op ledelening	(20 712)✓		
Uitkering aan lede	(13 580)✓		
Belasting betaal	(14 804)✓		
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		**35 484**	
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Opbrengs uit die verkoop van meubels	63 724✓✓		
Opbrengs uit die verkoop van grond en geboue	405 320✓✓		
Opbrengs uit die verval van belegging	20 000✓		
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		**489 044**	
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Addisionele ledebydrae	30 000✓		
Terugbetaling van lening van lede	(598 508)✓✓		
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		**(568 508)**	
Afname in kontant		(43 980)	
Kontant aan die begin van die jaar		10 780✓	
Kontant aan die einde van die jaar		(33 200)	(17)

4.2 Kontant ontvang van kliënte

Verkope		440 000	
Toename in debiteure		(50 800)✓	
		389 200✓	(2)

4.3 Kontant betaal aan verskaffers en werknemers

Verkope		440 000✓	
Min: Wins voor belasting		(55 760)✓	
Uitgawes vir die tydperk		**(384 240)**	
Aangepas vir:			
Depresiasie		19 408✓	
Salarisse aan lede		96 000✓	
Rente ontvang		(4 000)✓	
Rente op ledelening		20 712✓	
Verlies op verkoop van meubels		10 000✓	
Bedryfskapitaalverandering		29 500✓	
Toename in voorraad	(4 760)		
Toename in krediteure	34 260		
		212 620	(8)

4.4 Uitkering en belasting betaal

	Uitkering	**Belasting**
Bedrae onbetaald aan die begin van die jaar	(2 180)	(2 200)✓
Bedrae volgens die inkomstestaat		
Uitkering	(24 000)	
Belasting		(27 884)✓
Bedrae onbetaald aan die einde van die jaar	12 600	15 280✓
	13 580	14804

(3)

[30]

VRAAG 5

5.1

INTERNE OUDITERING	**EKSTERNE OUDITERING**
• Primêre doel is om in die bestuur se behoeftes te voorsien • Direk betrokke by opsporing en voorkoming van bedrog • Oorsig van aktiwiteite vind deurlopend plaas • Oudit word deur 'n werknemer van die onderneming uitgevoer • Ouditeur moet ondergeskik aan ander vlakke en behoeftes van die bestuur wees (Enige tersaaklike antwoord)	• Primêre doel is om in derde partye se behoeftes te voorsien • Spoor bedrog op en voorkom dit waar dit 'n wesenlike uitwerking op die finansiële state het • Ondersoek van stawende data vind periodiek (van tyd tot tyd) plaas • Oudit word uitgevoer deur 'n professionele praktisyn wat as onafhanklike kontrakteur optree • Ouditeur moet onafhanklik van die bestuur wees in sowel optrede as houding (Enige tersaaklike antwoord) (5 × 2)

(10)

5.2 Ongekwalifiseerde verslag

- Uitgereik wanneer daar geen beperking op die omvang van die ondersoek was nie.
- Die finansiële state word ooreenkomstig ooreengekome kriteria aangebied.
- Toereikende bewyse kon verkry word.

Gekwalifiseerde mening

- Uitgereik wanneer die finansiële state nie ooreenkomstig ooreengekome kriteria opgestel is nie.
- Die omvang van die ouditondersoek is aansienlik deur die kliënt beperk.
- Die rekeningkundige beginsels wat in die finansiële state gebruik is, is nie konsekwent toegepas nie.

Weerhouding van 'n mening

- Die mening word weerhou indien daar onvoldoende toepaslike bewyse is om 'n mening te vorm. (3 × 3) (9)

Die studente hoef nie drie stellings te skryf om die ouditverslag te verduidelik nie. Ken volpunte aan die student toe, mits die verduideliking sin maak.

5.3
- Beplan die oudit; weet presies wat gedoen gaan word.
- Ondersoek en evalueer die ouditbewyse.
- Kommunikeer die resultaat van die oudit in die ouditverslag.
- Volg die bevindings van die ouditverslag op om te bepaal of die nodige stappe gedoen is. (8)

[27]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou